

Bybel vir Kinders
bied aan



Die
Aantreklike
Onnosel
Koning



Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Janie Forest; Alastair Paterson

Aangepas deur: Lyn Doerksen

Vertaal deur: Yvonne Kriel

Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

©2021 Bible for Children, Inc.

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.



Samuel, Israel se rigter was al oud. Hy het sy seuns rigters gemaak oor Israel om sy plek te neem in God se diens. Maar Samuel se seuns was sleg. Hulle was lief vir geld en het hulle mag gebruik om geld oneerlik te kry.




Die mense van Israel het swaar gekry onder die slegte seuns. Die hof was onregverdig. Die mense moes Samuel se seuns betaal wanneer hulle hulp nodig gehad het.



Iets moes gedoen word. Eendag het die oudstes van Israel bymekaar gekom en Samuel gevra vir hulp.




"Gee ons 'n koning wat ons kan lei," het die oudstes
geeis. Hulle wou nie hê Samuel se slegte seuns moes
hulle rigters wees nie. Hulle wou 'n koning het soos
al die nasies om hulle.



Samuel was kwaad. Israel het reed 'n Koning! God die Almagtige, die Ewige Een het Israel regeer. Lank gelede het Hy hulle vrygemaak van slawerny in Egipte. Hy het die Rooi See geopen sodat hulle kon vlug.






Hy het aan Israel hulle
pragtige land gegee.



Samuel het gebid en GOD het gesê, "Hulle het jou nie verwerp nie maar vir My, sodat Ek nie oor hulle kan regeer nie. Hulle het ander gode aanbid. Gee gehoor aan hulle versoek en gee hulle 'n koning."





God het aan Samuel gesê om die mense te waarsku dat 'n aardse koning hulle geld sou vat met belasting; hom self help met die beste in hul lande en wingerde; hul seuns oproep vir sy weermag; hul dogters laat werk vir hom.



KONINKLIKE WINGERD

Maar die mense
wou in elk geval
'n koning hê.



GEEN TOEGANG

God het Samuel na 'n jong aantreklike jong man gelei, hy was skaam en baie LANK - 'n hele kop langer as almal.


Sy naam was Saul. Toe Samuel Saul sien sê die HERE, "Hierdie een sal oor My mense regeer."




Gehoorsaam het
Samuel Saul gesalf as
koning van Israel. Toe
hy Saul toon aan die
mense van Israel het
hulle geroep "Lank
lewe die Koning!"



Baie gou is Saul getoets. Die Amoniete, hulle het Israel gehaat, het die Israelitiese stad omring en gedreig om elke man se regter oog uit te steek. Wat 'n wrede plan.



Nuus van die dreigement het Koning Saul bereik.
Hy het sy manskappe reg gekry.





Die twee
groepe manskappe
het geveg en Saul
het die Amoniete
verslaan en die
stad gered.
Koning Saul het
al die glorie aan
God gegee en
gesê "... vandag
het die HERE
Israel geseën!"



God het Saul 'n groot oorwinning gee die dag. Saul het God nie altyd geëer nie. Een dag, voor 'n geveg met die Fillistyne het Saul 'n offerhande geoffer aan God.



Hy het geweet dit is Samuel se plig om dit te doen.
Hy het geweet God wou hê hy moes wag vir Samuel
om dit te doen. Hy was ongehoorsaam aan God!




Samuel Het aan Saul gesê. "Jy het onnosel opgetree. Jy het nie die gebooie van die HERE jou God gehou nie. Nou sal jou Koningskap beëindig word."




Saul het miskien gedink dit is 'n klein sondetjie. Maar ongehoorsaamheid aan God is altyd ernstig.





'n Ander
keer het
God aan Saul
gesê om die
slegte mense
van Amalek
uit te roei.
Saul en die
mense
het die
Koning Agag
van Amalek
laat lewe.





Hulle het ook al die waardevolle items, skape en beeste gehou. Saul het gesê hulle moet dit hou om aan die HERE te offer.





Samuel het aan Saul gesê,
"Om gehoorsaam te wees is
beter as 'n offerhande. Jy
het die woord van die HERE
verwerp, en die HERE het jou
verwerp as koning van Israel."
Saul was baie jammer oor sy
sonde, maar dit was te laat.

Die res van sy lewe was
hy ongelukkig omdat hy
nie gehoorsaam aan
die HERE was nie.



Die Aantreklike Onnosel Koning

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

1 Samuel 8-16

"Die lees van die Woord gee lig."

Psalms 119:130



Die Einde



Die Bybel storie vertel ons van ons wonderlike God wat ons gemaak het en wat wil he dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons het verkeerde dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons so lief dat hy sy Seun, Jesus vir ons gestuur het wat vir ons sondes aan die kruis kom sterf het. Jesus het opgestaan uit die dode en opgevaar na die Hemel! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om jou te reinig van al jou sonde, sal hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir ewig lewe saam met Hom.

As jy glo dat dit die waarheid is, se die volgende vir God:
Liewe Jesus, ek glo dat U God is, en mens geword het om vir my sondes te kom sterf en nou vir ewig lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, sodat ek eendag saam met U vir ewig kan lewe. Help my om vir U te luister en gehoorsaam te wees, sodat ek vir U sal lewe en U kind genoem kan word. Amen

Lees die Bybel en praat met God elke dag! Johannes 3:16

